Dok have been assisting him in this respect and also with the extention of the ice strain network. On Sundays Ray accompanies Johnny to the network while Smitty takes over the radio skeds.

Various field parties will soon leave from SANAE. Johan, Zac, Johnny and Dries are to leave first good weather in September for the mountains. Magnetic and survey work will be done as well as depot laying and route marking for the geological party which is to leave in October on return of the first field party. Meanwhile Jan Dok is busy on the unenviable job of packing food supplies for both parties. Heavy photographic activity has again been in evidence throughout the month. Here Wilf, Sewes and Hennie were mostly active. All developed most ruthless techniques for catching one unawares. Danie seems to be very busy on neutron monitor results these days.

**Marion, 26th July, 1965:**

Compared to June there has been a remarkable change in the weather during July. It has been much more windy. The maximum hourly wind was 34 knots from the southwest, with a maximum gust of 55 knots. However all upper air soundings were done. The maximum pressure recorded was 1032.5 mbs, with a minimum of 979.6 mbs. Snow occurred on 10 days. Maximum temperature was 12.9 degrees Celsius and the lowest minimum was 1.2 degrees. Since we have been here for 4 months we are already looking forward to seeing ships, but somehow only Prince Edward Island looms up through the mist on the horizon.

**Marion, 12e Augustus 1965:**

Hier op Marion gaan dit nog voor die wind, alhoewel ons kortkort aan 'n droogte onderworpe raak. Die droogte hier word egter nie veroorsaak deur 'n tekort aan water nie maar die ou fisiese eienskappe van water as dit met koue gepaard gaan lewer tog ook probleme. Ons vind dat dit maar 'n hopelose taak is om 'n kraan oop te draai as alles gevries is.

Nou het Dirk Jooste ook so 'n groot belangstelling gekry in die hoeveelheid eiers wat hy elke dag by die hoenderhok kan gaan haal dat hy die getal elke dag teenoor die datum op sy almanak inskryf. Party dae egter is die resultate maar powerig en om sy entoesiasme nie te demp nie het ons besuilt om maar so af-en-toe 'n paar eiers terug in die neste te gaan plaas. Dit verrig nogal wondere want kort-kort kom spog hy met die goeie opbrings van sy plasie.

Brian en Eddy gaan ook gereeld nog op kort ekspedisies, maar dit lyk vir ons asof die mense so 'n bietjie koud kry in die veld, veral as ons die moeë gesigte sien by hul terugkeer. Manie gesels weer ook so lekker oor amateurradio deesdae dat ons hom maar selde sien. Hy beweer dat dit vir hom lekker is om so 'n bietjie te gesels. Ek reken dat ons miskien nie genoeg nuus het om hom besig te hou nie.

**Marion, 25th August, 1965:**

August will be well remembered here as the month of thunderstorms. No less than 3 occurred during the month. On the 13th, 18th and 19th we were surprised to have the area subjected to the type of weather generally experienced at Pretoria. Highest maximum recorded this month was 11 degrees Celsius and the lowest minimum was minus 5.5 degrees. The Gentoo chicks already hatched are beginning to put on weight at remarkable rate. Meanwhile the greater Antarctic Petrels are already nesting.

**Marion, 23e September, 1965:**

Wees nogmaals gegroet hier vanaf Marion waar die moraal weer nou so 'n skoppie gekry het want ons is ook nou uiteindelik op die afdraende pad. Ja, ses maande is nou verstreke en van nou af aan word die maande ook mos afgetel. Die belangrike dag is natuurlik in volle swang gevier en ons reken dat as die Beatles die MBE kan kry met 'n geskreeu en lang hare, dan voldoen Manie ook aan die vereistes van so 'n toekenning, want met sy bos hare en deurmekaar baard kan hy lekker tokkel op sy gesnaarde gevaarte terwyl die oorspronklike liedjie wat hy sing self die pikkewyne laat padgee. Andries weer het sulke mooi ontwikkelde sterk hande wat maar altyd 'n kraan vir ewig wil so verseël dat ons ander arme ouens maar elkeen 'n knyptang moet saamdra. Fred (een van ons vrouehaters) het na ses maande ook blykbaar eensaam begin voel en dit lyk nogal asof hy van plan verander want so kort-kort wil hy weet of iemand dan nie weet wat van sy misplaaste briefie van die aster in Pretoria geword het nie. Intussen word die strande gedurig aangevul deur allerhande soorte lewe. Ons het al selfs die eerste klein seeolifante gesien. Brian en Eddie gaan kort-kort uit op ekspedisies maar die arme mense tref dit altyd so ongelukkig. Wanneer hulle uitkamp is dit slegte weer en wanneer hulle terugkeer is dit mooiweer terwyl hulle dit graag net andersom wil hê.

**Gough, 31e Julie 1965:**

Ons beleef op die oomblik weer een van daardie kenmerkende storms op Gough. Diegene wat reeds hier was ken daardie val van die barograaf gepaard met sterk winde en reën maar te goed. Met ons huishouding vorder dit baie goed. Ons simpatiseer met Marion met hulle pannekoek en brood maar ons kan ook nie eintlik self spog met jellie nie—dit verseg om te stol—of kastrolle wat pikswart brand nie. Ons broodpogings is die laaste tyd honderd persent, danksy Jannie wat besig is om 'n fyn studie daarvan te maak.

Ons het onlangs 'n geweldige groot besoeker gehad. Hy was ongeveer veertig tot vyftig voet lank en het seker 'n hele paar ton geweeg. Die gevaarte het soos 'n duikboot ons kus op en af gepatrolleer. Een van ons lede het byna sy jaar se voorraad bier verloor omdat hy nie wou glo dat dit 'n walvis was nie.

Ons het vanaf die 14e tot die 18e Junie 'n magnetiese storm waargeneem en ongeveer die 8e Julie was daar weer besondere magnetiese steurings. Ons luggloedmeter werk ook baie goed, maar gedurige bewoltheid ry die program in die wiele.

Hier is een outjie wat gedurig van gedaante verwissel. Eers het hy sy kop so blink soos 'n volstruiseierdop geskeer en toe die opgewondenheid daaroor oor was skeer hy so ongemerk sy baard ook af. Oor haarmodes op die eiland kan 'n mens seker 'n boek skryf, dus sal ons liewers nie begin nie.

**Gough, 7e September 1965:**

Met die koms van lente het die atmosfeer op die eiland skielik verander. Oral is albatrosse swart en wit besig om nes te skop. Pikkewyne het ook skielik verskyn en elke beskikbare strandjie beset. Die temperatuur het merkbaar gestyg en die son het baie meer deur die wolke gebreek as voorheen. Die albatrosse wat kom broei verksaf buitengewone geleentheid vir ons fotograwe. Die Molly Hawk is geweldig fotogenies en is seker die mees gefotografeerde voëlsoort op die eiland.

Daar heers op die oomblik 'n opgewonde afwagting onder die lede op die koms van die Tristania. Dit sal die eerste lewende kontak met die buitewêreld wees vandat ons hier aangekom het. Die belangrikste egter is die pakkies en briewe van die huis.

Die huidige aflos het tot dusver een groot visterman opgelewer, letterlik en figuurlik. Nico het een middag vir 'n verrassing gesorg deur hier aan te kom met 'n 10 pond snoek en 'n 16 pond blouvis. Dit was die eerste blouvis wat tot dusver gevang is en het weer die entoesiasme vir visvang 'n groot stoot gegee.

---

## OBITUARY

### DR. J. H. HARVEY PIRIE

Dr. J. H. Harvey Pirie, veteran of Antarctic exploration and Honorary Member of the S.A. Antarctic Association, died in Johannesburg on 27th September, 1965.

Dr. Pirie was born in Aberdeenshire, Scotland, in 1878. He was educated at Robert Gordon's College, Aberdeen, and graduated in Science and Medicine at Edinburgh University. Soon after graduating he joined Bruce's Scottish National Antarctic Expedition (1903/04) as Medical Officer and Geologist. The expedition ship *Scotia* was fitted out primarily for oceanographical work in the Weddell Sea, but Dr. Pirie used the 8 month period during which the ship was frozen in at the head of Scotia Bay to survey Laurie Island and do geological fieldwork.

On his return to Edinburgh he started private medical practice and also obtained various part-time appointments in pathology and bacteriology. In 1913 he became pathologist to the East African Government and from 1914 to 1917 he was on active service during the first World War. At the end of the War he came to South Africa to join the staff of the South African Institute for Medical Research, where he worked until his retirement in 1941. During the whole course of World War II he was President of the South African Medical Association and South African respresentative of the International Red Cross.

Dr. Pirie was a distinguished philatelist, having been honorary editor of the *South African Philatelist* for many years, President of the Philatelic Society of Johannesburg, as well as being elected to the Rolls of Honour of the Philatelic Federation of Southern Africa and the Philatelic Congress of Great Britain.

It is remarkable that our Association lost two of its three honorary members in a period of just over one year. (Prof. R. W. James died on 7th July, 1964.)

J. G. I. & S. 86221 11/65